# Daardie eerste vonkie …

**Saam lees**:
Lees Gen. 2:4-25
**Saam oordink**:
Dit was die wonderlikste oomblik in Adam se jong lewe, daardie moment toe hy uit die slaap wakker word, en hier kom die mooiste lewende wese wat hy nog gesien het, na hom toe aangestap: die vrou wat die Here vir hom gemaak het. Só verruk is hy met hierdie vrou, dat hy op die plek ’n minnelied vir

haar komponeer! Die wysie ken ons ongelukkig nie, maar die woorde het vir ons behoue gebly (Gen. 2:23):

*"Hierdie keer is dit een uit myself, een soos ek.*
*Daarom sal sy 'vrou' genoem word;*
*sy is uit die man geneem."*

In elke verhouding is daar só 'n eerste kyk. Miskien was dit regtig die eerste keer dat julle mekaar gesien het. Of miskien was dit net die eerste keer dat julle mekaar regtig raakgesien het, ontdek het dat daar 'n vonk tussen julle is. Dié vonk, die eerste ontwaking van die liefde, is een van die wonderlikste gawes wat God in sy skepping ingebou het. Want Hy wil nie hê dat mense alleen deur die lewe moet gaan nie. Daarom bewerk Hy dit so dat ons lewensmaats ontmoet.
**Saam praat**:
♡ Hoe het dit gebeur dat julle mekaar "ontdek" het? Kan julle nog onthou wanneer daardie eerste liefdesvonk geskiet het?
♡ Vertel vir mekaar wat dit was wat jou die eerste keer aangetrokke tot jou lewensmaat gemaak het.
♡ Adam het 'n lied gesing om aan sy liefde en verrukking uiting te gee. Hoe het júlle dit destyds teenoor mekaar gedoen?
**Saam bid**:
♡ Dank die Here vir daardie eerste vonk van die liefde.
♡ Dank die Here vir die lewensmaats wat julle in mekaar gevind het.
♡ Bid dat Hy julle sal help om daagliks dié liefdesvonk weer aan te blaas.

*□ Liefde word nie gemeet aan hoeveel kere julle mekaar aanraak nie, maar aan die aantal kere wat julle mekaar bereik. □*

Cathy Morancy
*uit my en Elmien se boek "Voor ons gaan slaap"*

## Onlangse Bydraes

- Daardie eerste vonkie …
- Lot se vrou
- Abram
- Job
- Rigters 16:20 SIMSON STEUN OP SY EIE KRAG

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026